

20 September

**Skrifgedeelte: Jona 2**

**Fokusgedeelte: Jona 2:2-9**

### **Jona se gebed**

Jona verkeer in groter nood en lewensgevaar as wat ons onself kan indink – in die diepsee, binne-in 'n groot vis se maag, papnat met seegras wat kort-kort om sy kop verstrengel raak, pikdonker en waarskynlik yskoud. Midde-in hierdie geweldige krisis hoor ons hom bid!

Nood leer mens bid! Hoe baie het ons nie al gehoor van mense, wat eintlik maar ver van die Here af leef, wat in 'n skielike krisis as 't ware tot God leer bid het nie?! As jy vandag eerlik met jouself moet wees: Gebeur dit nie met jou ook nie? Is dit nie tog maar so dat ons in tye van swaar, seer en onsekerheid soveel meer intens bid as wat ons in tye van voorspoed bid nie? Agter hierdie "nood-gebede" lê daar 'n eerlike belydenis: Ek, nietige mensie, is diep afhanklik van Hom wat tot oneindig meer in staat is as wat mens kan dink of bid (Ef. 3:20). Nood leer mens bid ...

So was Jona dan geen uitsondering nie en is sy gebed in nood ook vir ons as voorbeeld in die Woord opgeteken. Jona se hele gebed getuig van klein-wees voor die onbegryplik grote God. In die eerste plek bely hy God se alwetendheid: God alleen weet wat ek deurmaak en Hy verhoor my gebed (vs. 1, 2). Hy bely verder God se alomteenwoordigheid: Ek het gedink dat ek uit u gesig verdwyn het, maar U is steeds met my (vs. 4). Hy bely ook God se almag: U, Here, het my van die dood gered ... hulp kom net van die Here af (vs. 6, 9). Bo alles bely hy God se onbegryplike liefde vir hom as sondaar: U betoon liefde aan my (vs. 8).

Deur Jesus mag ons met vrymoedigheid elke begeerte in gebed aan ons Here bekendmaak (Filip. 4:6). Ons mag (en moet!) in voorspoed en in teëspoed bid. Bid met vertroue. Dink daaraan dat Hy tot Wie ons bid, alwetend is: Hy ken jou deur en deur. Hy tot Wie ons bid, is ook alomteenwoordig: Hy laat ons nooit alleen en staan ons in ons swakheid by. Hy alleen is almagtig: niks is vir Hom onmoontlik nie. Hou bo alles daaraan vas dat Hy sondaars, soos ek en jy, liefhet. Bid sonder ophou.

*Sing: Skrifberyming 15-1:3, 4*

*Dr. SP van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*